| <u>R 12 miljoen oorskry maar nie R 30 miljoen oorskry nie</u> | <u>R 1,182,000.00 plus 11.30% van die bedrag waarmee bruto dobbelinkomste R 12 miljoen oorskry</u> |
| <u>R 30 miljoen oorskry maar nie R 50 miljoen oorskry nie</u> | <u>R 3,216,000.00 plus 12.20% van die bedrag waarmee bruto dobbelinkomste R 30 miljoen oorskry</u> |
| <u>R 50 miljoen oorskry maar nie R 100 miljoen oorskry nie</u> | <u>R 5,656,000.00 plus 13.10% van die bedrag waarmee bruto dobbelinkomste R 50 miljoen oorskry</u> |
| <u>R 100 miljoen oorskry</u> | <u>R 12,206,000.00 plus 14.05% van die bedrag waarmee bruto dobbelinkomste R 100 miljoen oorskry</u> |

(2) Vir elke tafelspel is bruto dobbelinkomste gelyk aan die sluitingsbankrol plus kredietstrookies, dubbelskyfies of tekenmunte wat van die dobbel Tafel verwyder is, plus valluik, min openingsbankrol en enige vul vir die Tafel.

(3) Vir elke dobbelmasjien moet bruto dobbelinkomste bereken word deur die toepaslike elektroniese meters van die masjien te gebruik om beide die geldbedrag te bepaal wat op die dobbelmasjien gedobbel is asook die bedrag geld wat deur die persone gewen is wat die dobbelmasjien gebruik het.

(4) Vir elke kaartspel en enige ander spel waar die lisensiehouer nie deel het aan 'n weddenskap nie, is bruto dobbelinkomste gelyk aan alle gelde wat die lisensiehouer as

vergoeding vir die hou van die spel ontvang.

(5) Indien die bedrag van bruto dobbelinkomste, in enige belastingtydperk, minder as nul is, kan die lisensiehouer die oorskryding in opvolgende belastingtydperke aftrek, totdat daar ten volle gekompenseer is vir die oorskryding teen bruto casinodobbelinkomste.

2. Die Provinsiale Tesourie moet, binne 20 dae nadat die belasting ontvang is, 'n deel van daardie belasting gelyk aan 1.00 persent van die totale bruto dobbelinkomste ontvang, aan die Transformasiefonds versprei soos bedoel in item A.1.

B. BEPERKTE UITBETAALMASJIENDOBDELBELASTING

1. 'n Gelisensieerde roete-operateur en 'n gelisensieerde onafhanklike perseeloperateur moet beperkte uitbetaalmasjiendobbelbelasting teen 'n koers van 15.25 persent van bruto dobbelinkomste vir die belastingtydperk aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal, waar bruto dobbelinkomste bereken moet word deur gebruik te maak van die toepaslike elektroniese meters van die masjien om die geldbedrag wat op die beperkte uitbetaalmasjien gedobbel is en die geldbedrag wat deur persone wat die beperkte uitbetaalmasjien gebruik het, te bepaal.

2. Die Provinsiale Tesourie moet, binne 20 dae nadat die belasting ontvang is, 'n deel van daardie belasting gelyk aan 0.25 persent van die totale beperkte uitbetaalmasjien bruto dobbelinkomste ontvang aan die Transformasiefonds versprei soos bedoel in item B.1.

C. BINGO-DOBDELBELASTING

1. 'n Gelisensieerde bingo-operateur moet bingo-dobbelbelasting teen die koers van die lisensiehouer se bingo-inkomste soos voorgeskryf in die tabel hieronder aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal, waar bingo-inkomste gelyk is aan die totale geldbedrag wat deur spelers in 'n bingospel gewaag word, met inbegrip van deelnemingsgelde, min die totale bedrag wat in 'n belastingtydperk aan spelers teruggegee word by wyse van pryse:

| <u>Waar bingo-inkomste vir die belastingtydperk –</u> | <u>Belastingkoers ten opsigte van Gelisensieerde Bingo-operateurs</u> |
|--|--|
| <u>Nie R 500,000.00 oorskry nie</u> | <u>6.50% van bruto dobbelinkomste</u> |

| | |
|--|--|
| <u>R 500,000.00 oorskry maar nie R 1 miljoen oorskry nie</u> | <u>R 32,500.00 plus 8.25% van die bedrag waarmee bruto dobbelinkomste R 500,000.00 oorskry</u> |
| <u>R 1 miljoen oorskry</u> | <u>R 73,750.00 plus 10.25% van die bedrag waarmee bruto dobbelinkomste R 1 miljoen oorskry</u> |

2. Die Provinsiale Tesourie moet, binne 20 dae nadat die belasting ontvang is, 'n deel van daardie belasting gelyk aan 1.00 persent van die totale bruto bingo-dobbelinkomste ontvang aan die Transformasiefonds versprei soos bedoel in item C.1.

D. WEDDERY

Weddenskappe met vaste wedpryse op perdewedrenne

1.(1)(a) 'n Beroepswedder moet, soos bedoel in artikel 128 van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelay en Weddery, 2010, 'n belasting gelyk aan 6.00 persent ten opsigte van weddenskappe met vaste wedpryse op perdewedrenne by 'n beroepswedder of 'n beroepswedder se bestuurder aangegaan, aftrek van die bedrag wat deur die wedder gewen is, uitgeslote die bedrag wat deur die wedder gewaag is.

(b) 'n Beroepswedder moet, in ooreenstemming met artikel 129 van die die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelay en Weddery, 2010, die belasting bedoel in D.1(1)(a) aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal.

(c) Die verspreiding deur die Provinsiale Tesourie aan –

(i) die Provinsiale Inkomstefonds;

(ii) die Transformasiefonds; en

(iii) die kategorieë van gelisensieerde renbaanoperateurs gelys as begunstigdes in die eerste kolom van die tabel hieronder.

moet plaasvind teen die koerse bedoel in die tabel hieronder binne 20 dae nadat die Provinsiale Tesourie die belasting ontvang het:

| <u>Begunstigdes</u> | <u>Weddenskappe met vaste pryse aangegaan by 'n beroepswedder of bestuurder</u> |
|----------------------------------|--|
| <u>Provinsiale Inkomstefonds</u> | <u>3.00%</u> |
| <u>Transformasiefonds</u> | <u>1.00%</u> |

| | |
|---|---------------------|
| <u>Kategorie 1 Gelisensieerde renbaanoperateurs: <i>Volbloedperdedwedrenbyeenkomste</i></u> | <u>1.60%</u> |
| <u>Kategorie 2 Gelisensieerde renbaanoperateurs: <i>Tuigwedrenperdedwedrenbyeenkomste</i></u> | <u>0.20%</u> |
| <u>Kategorie 3 Gelisensieerde renbaanoperateurs: <i>Standaardgeteeldeperdedwedrenbyeenkomste;</i></u> | <u>0.20%</u> |
| <u>Totale belastingkoers</u> | <u>6.00%</u> |

(d) In die geval waar –

(i) meer as een renbaanoperateur gelisensieer is in enige kategorie van gelisensieerde renbaanoperateurs gelys in die tabel in paragraaf (c)(iii), sal die persentasie toegewys aan sodanige kategorie van gelisensieerde renbaanoperateurs gelykop verdeel word tussen al die gelisensieerde operateurs; en

(ii) geen renbaanoperateur gelisensieer is in enige kategorie van gelisensieerde renbaanoperateurs gelys in die tabel in paragraaf (c)(iii), sal die persentasie toegewys aan sodanige kategorie van gelisensieerde renbaanoperateurs na die Transformasiefonds gaan.

(2) Die fondse bestaande uit die verspreiding na die kategorieë gelisensieerde renbaanoperateurs in die tabel in item D.1(1)(c)(iii), moet deur die gelisensieerde renbaanoperateurs, as begunstigdes van die verdeling, spesifiek aangewend word vir doeleindes van die ontwikkeling van perdedwedrenne en die transformasie van die perdedwedrenbedryf en enige verdere voorwaardes van soortgelyke aard wat die Raad van tyd tot tyd mag oplê: Met dien verstande dat –

(a) elke gelisensieerde renbaanoperateur 'n omvattende sakeplan teen nie later nie as 31 Desember van elke opeenvolgende jaar indien vir goedkeuring deur die Raad waarin uitgestippel word hoe die verspreide belasting bedoel in item D.(1)(c)(iii) aangewend sal word om die perdedwedrenbedryf te ontwikkel en te transformeer in ooreenstemming met die voorwaardes deur die Raad opgelê;

(b) die Raad die sakeplan in hierdie item bedoel, oorweeg en goedkeur of weier binne 'n tydperk van 60 dae vanaf die datum van indiening van die sakeplan by die Raad; en

(c) in die geval waar die Raad weier om die sakeplan van die betrokke gelisensieerde renbaanoperateur bedoel in paragraaf (b) goed te keur -

(i) moet die Raad redes vir sy besluit verskaf in ooreenstemming met die bepalinge van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet No. 3 van 2000); en

(ii) kan die betrokke operateur sy regte uitoefen deur appèl aan te teken soos bedoel in artikel 140 van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelaar en Weddery, 2010 (Wet No. 8 van 2010).

(3) Die Provinsiale Tesourie moet, op versoek van die Raad, die verspreiding van fondse aan enige kategorie van gelisensieerde renbaanoperateur bedoel in die tabel in item D.1(1)

(c)(iii) opskort in die geval waar -

(a) 'n gelisensieerde renbaanoperateur versuim om die sakeplan soos bedoel in item D.1(2) voor 31 Desember van 'n spesifieke jaar voor te lê, of die Raad weier om die sakeplan soos bedoel in item D.1(2)(c) goed te keur, sal die gemelde betrokke gelisensieerde renbaanoperateur enige verspreiding van fondse verbeur tot die eerste dag van die kalendermaand wat volg op die datum van goedkeuring van die sakeplan; of

(b) 'n gelisensieerde renbaanoperateur versuim om bewys van uitgawes van die verspreide fondse in ooreenstemming met die goedgekeurde sakeplan bedoel in item D.1(2)(a) tot bevrediging van die Raad, en binne die tydramwerk deur die Raad bepaal, in te dien.

Weddenskappe met vaste wedpryse op sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede

2.(1) 'n Beroepswedder moet 'n wedderybelasting gelyk aan 6.8 % van sodanige beroepswedder se bruto dobbelinkomste aan die Provinsiale Inkomstefonds betaal ten opsigte van alle wedtransaksies deur die beroepswedder aangegaan op -

(a) sportgebeurtenis;

(b) ander gebeurtenisse of gebeurlikhede; of

(c) enige kombinasie daarvan.

(2) Enige wedtransaksie wat 'n veelvoudige weddenskap uitmaak en welke veelvoudige

weddenskap enige keuse insluit wat die uitslag van 'n perdewedren behels, maak nie deel uit van 'n wedtransaksie op 'n sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid nie en die belasting in item D.1 voorgeskryf, is derhalwe van toepassing op sodanige veelvoudige weddenskap.

(3) Die Provinsiale Tesourie moet, binne 20 dae nadat die belasting ontvang is, 'n gedeelte van die belasting gelyk aan 0.25 persent van die totale bruto dobbelinkomste ontvang aan die Transformasiefonds versprei soos bedoel in item D.2(1).

Pari-mutuel-weddenskappe op perdewedrenne, sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede

3. Ten opsigte van pari-mutuel-weddenskappe op perdewedrenne, sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede by 'n totalisator aangegaan –

(a) moet die minimum bedrag wat aan persone terugbetaal word wat wen-pari-mutuel-weddenskappe op perdewedrenne, sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede by 'n totalisator aangegaan het altesaam nie minder wees nie

(i) 65 persent van alle gelde wat op die totalisator verwed is op die weddenskap-tipe bekend as Super 8; of

(ii) 75 persent van alle gelde wat op die totalisator verwed is by enige enkele wedrenbyeenkoms of op enige sportgebeurtenis of ander gebeurtenis of gebeurlikheid uitgesonder die weddenskap-tipe bekend as die Super 8;

(b) die bedrag wat aan die Provinsiale Inkomstefonds betaalbaar is soos bedoel in hierdie Wet en artikel 130 van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery, 2010, moet bereken word teen die koers van 1.50 persent van alle gelde wat op die totalisator verwed word; en

(c) die totalisatorlisensiehouer kan van die bedrag wat nie terugbetaal word nie aan persone wat wen-pari-mutuel-weddenskappe aangegaan het op perdewedrenne, sportgebeurtenisse of ander gebeurtenisse of gebeurlikhede by 'n totalisator ooreenkomstig (a), sodanige bedrag behou wat oorbly na aftrekking van die 1.5 persent bedoel in paragraaf (b) van hierdie item: Met dien verstande dat –

(i) wanneer 'n totalisatorlisensiehouer weddenskappe op vermengde weddenskappe aanbied, moet die totalisatorreëls geld wat op die gasheertotalisator van toepassing is; en

(ii) die totalisatorreëls van die gasheertotalisator deur die gasheertotalisator by widders geadverteer moet word op die wyse soos deur die Raad voorgeskryf.

E. GELISENSIEERDES KAN TOEGANG TOT FONDSE VIR SPESIFIEKE PROJEKTE UIT DIE TRANSFORMASIEFONDS VERKRY

'n Lisensiehouer kan, by wyse van 'n aansoek aan die Raad op die wyse deur die Raad bepaal, 'n toewysing vir befondsing uit die Transformasiefonds vir spesifieke projekte versoek wat deur die lisensiehouer staan uitgevoer te word in ooreenstemming met 'n gedetailleerde projekplan soos die Raad mag goedkeur, onderhewig aan enige voorwaardes wat die Raad mag oplê, waar die Raad tevrede is dat die betrokke projek 'n beduidende en positiewe bydrae tot die transformasie van die dobbelbedryf in die Provinsie sal lewer.

F. SPESIFIEKE OMSKRYWINGS VIR DOELEINDES VAN BYLAE

Vir die doeleindes van hierdie Bylae beteken –

“bankrol” die totale waarde van dobbelmunte by 'n speeltafel soos by die opening of sluiting van 'n dobbeldag;

“geldbedrag” of “geld” die waarde van enige krediet, beloning, bonus, lojaliteit of dies meer aan sodanige persoon beskikbaar gestel om by 'n lisensiehouer te dobbel of vir gebruik by 'n dobbelmasjien wat deur die lisensiehouer bedryf word, ongeag die bron van sodanige waarde van krediet, beloning, bonus, lojaliteit of dies meer;

“belastingtydperk” 'n kalendermaand;

“bruto dobbelinkomste” die verskil tussen die bedrag geld of monetêre waarde gedobbel of gewaag deur persone en die bedrag geld of monetêre waarde gewen, teruggestuur of uitbetaal aan sodanige persone deur 'n gelisensieerde as 'n direkte gevolg van die dobbelaktiwiteit waaraan hulle deelgeneem het;

“gasheertotalisator” 'n totalisatoroperateur wat in 'n provinsie, staat of land buite

KwaZulu-Natal gelisenseer is:

“gastotalisator” ’n totalisatoroperateur wat in KwaZulu-Natal gelisenseer is;

“Transformasiefonds” die Transformasiefonds ingestel ingevolge artikel 137(1) van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbeldary en Weddery, 2010.

“totalisatorreëls” die reëls wat van toepassing is op ’n totalisatoroperateur wat, onder andere, weddenskapreëls insluit, asook reëls wat aftrekkings buiten belastingaftrekkings van weddenskappoele magtig; en

“vulluik”, in die geval van –

(a) ’n tafelspel, die totale kontantbedrag, dobbelskyfies, tekenmunte, plakette en kredietmerkers in die vulluik; of

(b) ’n dobbelmasjien, die totale bedrag –

(i) kontant of ruilmunte vereis om in die vulluik-houer of vulluik-emmer van sodanige masjien te wees in ooreenstemming met die meters wat sodanige masjien monitor; of

(ii) alle bedrae elektronies deur spelers afgelaai van slimkaarte of slimtoestelle op die kredietmeter van sodanige masjien waarop sodanige spelers speel;

“vermenging” die proses waarby ’n gastotalisator-weddenskappoele gekombineer word met ’n gasheertotalisator-weddenskappoele en "vermeng", "vermengde" en "vermengings" het ’n ooreenstemmende betekenis.

“Vul”, in die geval van –

(a) ’n tafelspel, die uitreiking van bykomende dobbelskyfies, plakette of tekenmunte in die vulluik; of

(b) ’n dobbelmasjien, die uitreik van kontant of tekenmunte aan die stortbak van die dobbelmasjien;

Korttitel

4. Die Wet heet die KwaZulu-Natal Belastingwysigingswet op Dobbeldary en Weddery, 2021.

**MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE
VAN DIE
KWAZULU-NATAL BELASTINGWYSIGINGSWET OP DOBBELARY EN WEDDERY, 2021**

1. AGTERGROND

Die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Wedderybelasting, 2010 (die “Hoofwet”) maak voorsiening vir die betaling van belasting deur persone wat gelisensieer is ingevolge die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelary en Weddery, 2010. Aangesien die Bylae tot die Hoofwet, wat voorsiening maak vir verskeie dobbel- en wedderybelastingkoerse laas gewysig is by wyse van 'n Provinsiale Kennisgewing in Oktober 2012, is die behoefte aan die hersiening van die belastingkoerse en die toewysing van ontvangste lankal nodig.

Dit is nodig geag om die Hoofwet te wysig om –

- (a) sekere belastingkoerse te wysig;
- (b) belastinginkomste her toe te wys;
- (c) sekere omskrywings te wysig en in te sluit;
- (d) duidelikheid te gee oor die verspreiding van dobbelbelasting;
- (e) 'n verspreidingsmodel vir die Transformasiefonds in te sluit; en
- (f) aanvullende wysigings,

en substantiewe wysigings word in die nuwe Bylae betreffende die volgende aangeleenthede voorgestel:

A. 'n Verhoging in meeste belastingkoerse

Die verhoging sluit die belastingkoerse in die casinodobbelbelasting, die beperkte uitbetaalmasjienbelasting, die bingo-dobbelbelasting en die wedderybelasting op weddery met vaste wedpryse op sportgebeurtenisse en ander gebeurtenisse of gebeurlikhede in. Daar word nie verwag dat die nuwe voorstelle redelikerwys deur of die Raad of die bedryf teengestaan sal word nie aangesien die belastingkoerse vir baie jare nie hersien is nie. Hierdie voorgestelde belastingverhogings moes lankal gebeur het aangesien die laaste belastingkoerswysigings in 2012 afgekondig is.

B. Die herverdeling van belastinginkomste uit perdewedrenne

Perdewedrenne strek terug tot in 1795 toe die Britse bewind die eerste keer na die Kaap gekom het. Perde wat vir wedrenne gebruik is, het as "capers" bekend gestaan. Hulle is later deur *volbloedperde* vervang. In Suid-Afrika staan volbloedwedrenne tradisioneel bekend as die "sport van konings" en word geassosieer met die ryk elite. Die volbloedperdewedrenbedryf is 'n duopolie met die belangrikste rolspelers Phumelela en Gold Circle. Gold Circle is die primêre operateur in KwaZulu-Natal (KZN), terwyl die res van die land deur Phumelela bedryf of bestuur word.

Die dobbelbedryf in KZN is gereguleer ingevolge die Ordonnansie op Dobbelay (No. 28 van 1957), wat vervang is deur die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelay en Weddery, 2010. Die Ordonnansie het voorsiening gemaak vir 'n belastingstelsel waar die regering geld van belasting gekry het vir beide die Provinsiale Inkomstefonds en die Renbaanontwikkelingsfonds.

Om en by 1994/95 is sportweddenskappe bekend gestel en belasting is aan die Provinsiale Inkomstefonds (5%) en die Sportfonds (1%) versprei. In ongeveer 1998 is die Renbaanontwikkelingsfonds ontbind, en hul deel van die verspreiding is na die Beheerliggaam vir Beroepswedders toe oorgeplaas.

Die verspreidingsmodel het befondsing vir die drie wedrenklubs (Durban Turf Club, Pietermaritzburg Turf Club en Clairwood Park Turf Club) ingesluit. Hierdie wedrenklubs het saamgesmelt in een wedrenklub, Gold Circle (Edms.) Bpk. om die belange van die saamgesmelte wedrenklubs te bestuur.

Op hierdie tydstip was tradisionele (*uMtelebelo*) standaardgeteelde en tuigwedrenperdewedrenbyeenkomste nie gereguleer nie, en gevolglik was Gold Circle die enigste gelisensieerde renbaanoperateur.

Die inkomste wat tans net aan Gold Circle betaal word as die uitsluitlik "renbaanoperateur" in die huidige Bylae bedoel, word, ingevolge die voorstel, ook uitgebrei na ander kategorieë gelisensieerde renbaanoperateurs.

C. Die wysiging en insluiting van sekere omskrywings

In die voorstel word 'n omskrywing van "bedrag geld" of "geld" ingevoeg en het ten doel om met die kwessie van "vryspel" bo alle twyfel te handel om te verseker dat potensiële belastinginkomste vir die Provinsie nie in die toekoms verlore gaan nie. Laasgenoemde is 'n gevolg van die toenemende afhanklikheid van "vryspel" as 'n beloning om kliënte deur middel van vryspelaanbiedinge te lok. Suid-Afrika verskil nie van ander internasionale regsgebiede wat die belastinghantering van hierdie aansprings moes heroorweeg nie.

D. Die toedeling en verspreiding van inkomste verskuldig aan renbaanoperateurs

In 2014 skryf *Ithotho* aan die Kantoor van die Premier en voer aan dat, as 'n gelisensieerde renbaanoperateur, item D van die Bylae by die Hoofwet hulle die reg gee om voordeel te trek uit die inkomste van 3 persent wat aan die renbaanoperateur terugbetaal word. Histories het Gold Circle tot dusver die hele 3 persent van hierdie inkomste ontvang.

Tussen April 2015 en Maart 2020 is ongeveer R 205 miljoen deur die Raad aan Gold Circle ingevolge die bepalings van die Bylae tot die Belastingwet betaal.

Ithotho as die ander gelisensieerde renbaanoperateur het hierdie kwessie meer onlangs aan die orde gestel en die ingryping van die Premier versoek, en aangevoer dat hulle uitsluiting plaas hulle, as 'n gelisensieerde renbaanoperateur, nie net in 'n ooglopende nadelige posisie nie, maar beperk ook hul transformasiemandaat ten opsigte van "landelike perdewedrenne".

Met die wysiging van die KZN Wet op Dobbelaar en Weddery, 2010 deur die KwaZulu-Natal Wysigingswet op Dobbelaar en Weddery, 2017, is artikel 89 van die Wet gewysig deur die term "renbaanoperateur" uitdruklik te pluraliseer waar dit ookal in die Wet gebruik word. Hierdie wysiging verwyder die waargenome monopolie ten opsigte van Gold Circle doeltreffend en baan die weg vir 'n meer billike belastingverspreidings wat sensitief is vir alle partye se bedrywighede.

Daar word aangevoer dat die voorgestelde insluiting van ander gelisensieerde renbaanoperateurs, soos *lthotho*, as begunstigdes van die verdeling nie net lankal moes gebeur het nie, maar dat dit sal help om enige gedingvoering wat hulle oorweeg, te vermy. Die toewysing van 0.2% aan die bykomende kategorieë van gelisensieerde renbaanoperateurs ten opsigte van tuigwedren-perdewedrenbyeenkomste en standaardgeteelde perdewedrenbyeenkomste sal enige ander gelisensieerde renbaanoperateurs in staat stel om doeltreffend te funksioneer en die befondsing op so wyse te gebruik ten einde die ontwikkeling van perdewedrenne in die Provinsie en van voorheen benadeelde persone wat met die sport verbind word, te bevorder.

Die voorgestelde wysiging aan, en vervanging van, die Bylae stel in die vooruitsig dat die fondse bestaande uit die verspreiding aan die gelisensieerde renbaanoperateurs deur die gelisensieerde renbaanoperateurs, as begunstigdes van die verspreiding, spesifiek gebruik moet word vir die ontwikkeling van perdewedrenne en die transformasie van die perdewedrenbedryf, onderhewig aan enige verdere voorwaardes wat die Raad van tyd tot tyd mag oplê.

Tans gebruik Gold Circle, as die gelisensieerde renbaanoperateur ten opsigte van volbloedperdewedrenbyeenkomste, hierdie fondse as 'n onvoorwaardelike toelae. In hierdie verband toon die finansiële state wat onlangs deur Gold Circle verskaf is aan dat die gebruik van hierdie fondse twyfelagtig mag wees. Die geld wat aan die gelisensieerde renbaanoperateurs versprei word, moet aangewend word vir die ontwikkeling van perdewedrenne en die transformasie van die perdewedrenbedryf.

Die voorgestelde wysigings stel die Raad in staat om meer doeltreffend toesig te hou oor die geld wat aan die gelisensieerde renbaanoperateurs versprei word, en stel die Raad ook in staat om van tyd tot tyd verdere voorwaardes op te lê betreffende die benutting van die fondse. Die voorgestelde wysigings maak voorsiening vir groter aanspreeklikheid, deursigtigheid en verbeterde monitering van die benutting van die befondsing.

Kategorie 1 gelisensieerde renbaanoperateurs: *Volbloedperdewedrenbyeenkomste*, sal 1.6% ontvang. Hierdie aandeel is relatief hoog aangesien meeste wedrenbyeenkomste wat gehou word in hierdie kategorie val, en dit dra gevolglik by tot die grootste deel van die belastinginkomste in vergelyking met ander kategorieë van renbaanoperateurs. Trouens,

die ander kategorieë van gelisensieerde renbaanoperateurs sal gesubsidieer word deur inkomste wat oloop uit die Kategorie 1: *Volbloedperdewedrenbyeenkomste*.

Soos hierbo genoem, deel die Kategorie 2 gelisensieerde renbaanoperateurs: *Tuigwedrenperdebyeenkomste* en die Kategorie 3 gelisensieerde renbaanoperateurs: *Standaardgeteelde perdewedrenbyeenkomste* elk 0.2%. Hierdie finansieringsverspreiding is hoofsaaklik daarop gemik om die ontwikkeling van hierdie afdelings of kategorieë van die perdewedrenbedryf tot op 'n vlak te bring waar hulle in staat is om meer wedrenne aan te bied.

Daar word voorgestel dat 1% van die verspreiding aan die Transformasiefonds gemaak word, en addisionele befondsing kan deur enige lisensieouer van die Transformasiefonds verkry word vir spesifieke projekte wat 'n beduidende en positiewe bydrae tot die transformasie van die dobbelbedryf in die Provinsie sal maak. Hierdie projekte moet ooreenkomstig die gedetailleerde projekplan deur die Raad goedgekeur word. Projekte moet deur die lisensiehouers omskryf word ten einde deur die Raad aanvaar en gemonitor te word, en fondse sal geleidelik vrygestel word soos voorafbepaalde doelwitte en mylpale suksesvol bereik word met die implementering van die projekte.

Dit moet beklemtoon word dat hierdie verspreidingspersentasies in die tabel hierbo nie vas en staties is nie, maar die bedoeling is om dit periodiek te hersien in die lig van die mate waarin die ontwikkelings- en transformasiedoelwitte met betrekking tot perdewedrenne en die perdewedrenbedryf bereik word.

E. Die Transformasiefonds

'n Nuwe voorstel is dat 'n klein persentasie van hierdie belasting wat in die Provinsiale Inkomstefonds betaal word deur die Provinsiale Tesourie na die Transformasiefonds versprei word om 'n addisionele bron van befondsing te bied vir die Transformasiefonds ingestel ingevolge artikel 137(1) van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbelaar en Weddery, 2010 ten einde te verseker dat die Transformasiefonds in staat is om sy gestelde transformasiedoelwitte te bereik.

Die nuwe Bylae bepaal uitdruklik dat 'n lisensiehouer toegang tot befondsing van die

Transformasiefonds kan kry vir spesifieke projekte wat die lisensiehouer onderneem in ooreenstemming met 'n gedetailleerde projekplan soos deur die Raad goedgekeur, onderhewig aan enige voorwaardes wat deur die Raad opgelê mag word, waar die Raad oortuig is dat die betrokke projek 'n beduidende en positiewe bydrae tot die transformasie van die dobbelbedryf in die Provinsie sal lewer.

F. Aanvullende wysigings

Terwyl die regsadvies wat ingewin is, twyfel laat ontstaan het oor die geldigheid van artikel 5 van die Hoofwet, wat voorsiening maak vir die wysiging of vervanging van die Bylae deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, is dit as verstandig geag om daardie artikel te herroep en 'n gewysigde Bylae voor te lê as deel van hierdie Wetsontwerp. Aangesien belasting betaal is en die inkomste ingevolge bogenoemde Provinsiale Kennisgewing toegewys is, is dit ook nodig om die invordering en betaling daarvan geldig te verklaar.

2. KLOUSULE-BY-KLOUSULE-TOELIGTING

Opsommend bevat die Wetsontwerp die volgende -

Klausule 1:

Klausule 1 herroep artikel 5 van die Hoofwet wat tans voorsiening maak vir die wysiging of vervanging van die Bylae deur kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*. Die regsadvies wat ingewin is, het twyfel laat ontstaan oor die geldigheid van artikel 5 van die Hoofwet. Die argument is dat, aangesien die Hoofwet 'n geldwetsontwerp is, die Hoofwet en sy bylae slegs deur 'n wysigingswet gewysig kan word en nie deur middel van 'n kennisgewing nie.

Klausule 2:

Klausule 2 maak voorsiening vir die geldigverklaring van belasting wat ingesamel of betaal is, asook enigiets ander gedoen ingevolge Provinsiale Kennisgewing No. 112 van 5 Oktober 2012, uitgereik ingevolge die herroepe artikel 5 van die Hoofwet. Die geldigverklaringsklousule is beperk. Die gevolg is dat niks wat ingevolge hierdie kennisgewing gedoen is ongeldig is nie bloot omdat die Bylae tot die Hoofwet na bewering gewysig of vervang is by kennisgewing soos daarvoor voorsiening gemaak in die herroepe artikel 5 van die Hoofwet en nie ingevolge 'n wet/Wetsontwerp wat die Bylae verander of vervang nie.

Klousule 3:

Klousule 3 van die Wetsontwerp stel die vervanging van die Bylae by die Hoofwet voor wat handel oor dobbelary- en wedderybelasting en belastingkoerse. Die wysigings maak voorsiening vir 'n nominale verhoging van die belastingkoerse vir casino's, beperkte uitbetaalmasjiene en beroepswedders. Die bedoeling is om 'n finansieringsmiddel aan die Transformasiefonds te voorsien wat ingevolge artikel 137 van die KZN Wet op Dobbelary en Weddery, 2010 ingestel is ten einde die Transformasiefonds in staat te stel om sy mandaat uit te voer. Dit is 'n groot stap in die rigting van die Raad se poging om die dobbel- en weddenskapbedryf te verander. Die klousule gee verder uitvoering aan die wysigings aan die KZN Wet op Dobbelary en Weddery, 2010, wat in 2017 in werking gestel is, wat bykomende kategorieë van renbaanoperateurs (standaardgeteelde en tuigwedrenne) bekend gestel het, waardeur die bestaan van verskillende kategorieë perdewedrenne en gelisensieerde renbaanoperateurs erken word. Die klousule bepaal dat 1% aan die Transformasiefonds toegewys sal word, terwyl die volgende kategorieë begunstigdes bekend gestel word wat almal voordeel sal trek uit die verspreiding van belasting wat deur beroepswedders gegenereer word op perdewedrenne (beroepswedderbelasting), onderhewig aan sekere beheermaatreëls om te verseker dat die verspreide belasting vir transformasiedoeleindes aangewend word:

- (a) Kategorie 1 gelisensieerde renbaanoperateurs: *volbloedperdewedrenbyeenkomste* met 'n gedeelde toewysing van 1.6% van wedderybelasting;
- (b) Kategorie 2 gelisensieerde renbaanoperateurs: *Tuigwedren-perdewedrenbyeenkomste* met 'n gedeelde toewysing van van 0.2% van wedderybelasting; en
- (c) Kategorie 3 gelisensieerde renbaanoperateurs: *Standaardgeteelde perdewedrenbyeenkomste* met 'n gedeelde toewysing van 0.2% van wedderybelasting.

Die voorstel voeg ook spesifieke omskrywings in vir doeleindes van die nuwe Bylae, met inbegrip van 'n omskrywing vir "bedrag geld" of "geld", wat poog om enige twyfel oor die "vryspel"-kwessie uit die weg te ruim ten einde te verseker dat potensiële belastinginkomste nie in die toekoms vir die Provinsie verlore gaan nie. Hierdie bepaling het ook ten doel om die nuutste tegnologiese ontwikkelinge in die dobbelbedryf te akkommodeer.

Ten opsigte van moontlike belastingverliese vir die huidige tydperk onmiddellik voor die publikasie van die voorgestelde nuwe Bylae, sluit sekere casino-operateurs óf reeds "vryspel-krediet" uit uit hul "bruto dobbelinkomste" óf dring hulle daarop aan om formele goedkeuring vir sodanige

uitsluiting of aftrekking vir "vryspel-krediet" te kry vir die berekening van hul belastingaanspreeklikheid.

Die klousule wysig voorts die omskrywing van "dobbelincome" deur "monetêre waarde" in te voeg om die verskillende dobbelfunksies te akkommodeer as gevolg van tegnologiese vooruitgang en nuwe tipes speletjies, en pas die omskrywing van "bruto dobbelincome" aan om "bruto wins" uit weddenskapstransaksies in te sluit.

Klousule 4:

Klousule 4 bevat die kort titel van die Wetsontwerp.

3. ORGANISATORIESE EN PERSOONLIKE IMPLIKASIES VIR PROVINSIALE REGERING

Geen verdere organisatoriese en personeelimplikasies word voorsien nie.

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES VIR PROVINSIALE REGERING

Die Wetsontwerp maak voorsiening vir en stel 'n verhoging in belastinginkomste vir die Provinsie in die vooruitsig wat in die Provinsiale Inkomstefonds betaal moet word en gelde betaalbaar aan die Transformasiefonds ingestel ingevolge artikel 137(1) van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbely en Weddery, 2010, ten einde te verseker dat die Transformasiefonds in staat is om sy gestelde transformasiedoelwitte te bereik.

5. DEPARTEMENTE / LIGGAME / PERSONE GERAADPLEEG

Die Wetsontwerp is opgestel ná oorlegpleging met –

- (a) die Kantoor van die Premier;
- (b) die Lid van die Uitvoerende Raad vir Ekonomiese Ontwikkeling (LUR), Toerisme en Omgewingsake, as die LUR verantwoordelik vir die administrasie van die KwaZulu-Natal Wet op Dobbely en Weddery, 2010; en
- (c) die KwaZulu-Natal Raad op Dobbely en Weddery.

6. KONTAKPERSOON

Naam: **Mnr Ndumiso Nkomo**

Posisie: Direkteur: Regsdienste (KZN Provinsiale Tesourie)

Tel: 033 897 4544

Faks: 033 897 4594

Selfoon: 071 362 4400

E-pos: ndumiso.nkomo@kzntreasury.gov.za

UMTHETHOSIVIVINYO OYISICHIBIYELO WENTELA YEMIDLALO YEMALI NOKUBHEJA WAKWAZULU-NATALI, 2021

Isaziso ngokuhambisana noMthetho 204 weMithetho Emileyo yeSishayamthetho saKwaZulu-Natali

Ngalokhu kunikezwa isaziso ngokuhambisana noMthetho 204 weMithetho Emileyo yeSishayamthetho sesiFundazwe maqondana nokuthi Umthethosivivinyo oyisiChibiyelo weNtela yeMidlalo yeMali nokuBheja waKwaZulu-Natali, 2021 njengoba uchazwe ngezansi, sewethuliwe eSishayamthethweni esibalulwe ngenhla futhi uzocutshungulwa yiKomidi Lezezimali. Umphakathi kanye nabanye abanentshisekelo bayamenywa ukuba balethe izethulo ezimayelana nalo Mthethosivivinyo, okumele ziqondiswe ku -:

UNobhala
ISishayamthetho saKwaZulu-Natali
Isikhwama Seposi X 9112
Pietermaritzburg
3200

Iqondiswe ku: Mnu. S Chili

Email: Chili@kznleg.gov.za

ukuze zifinyelele kuye zingakapheli izinsuku eziyi-15 kusukela ngosuku okushicilelwe ngalo lesi saziso

N NAIDOO
UNobhala weSishayamthetho saKwaZulu-Natali

**UMTHETHOSIVIVINYO OYISICHIBIYELO
WENTELA YEMIDLALO NOKUBHEJA
WAKWAZULU-NATALI, 2021**

IZINCAZELO EZIJWAYELEKILE:

[] Amagama abhalwe ngokugqamile kubakaki abayizikwele akhombisa okususiwe emthethweni okhona
_____ Amagama adwetshelwe ngomugqa ohlangene akhombisa okufakiwe emthethweni okhona

UMTHETHOSIVIVINYO

Wokuchibiyela uMthetho weNtela yeMidlalo yeMali nokuBheja, 2010, ukuze kucithwe isigaba 5; ukuhlinzekela ukuqinisekiswa kwezintela eziquqiwe noma ezikhokhwe ngokweSaziso sesiFundazwe No. 112 esashicilelwa mhla zi-5 kuMfumfu 2012; wokuhlinzekela ukushintshwa koHlelo loMthetho; kanye nokuhlinzekela okunye okuphathelene nalokho.

MAWUMISWE yisiShayamthetho sesiFundazwe saKwaZulu-Natali, kanje:

Ukuchithwa kwesigaba 5 soMthetho 9 ka 2010

1. Isigaba 5 soMthetho weNtela yeMidlalo yeMali nokuBheja, 2010 (uMthetho No. 9 ka 2010), emva kwalokhu ezobizwa ngoMthetho omkhulu, ngalokhu siyachithwa.

Ukuqinisekiswa kokuba semthethweni kweSaziso sesiFundazwe No. 112 esachilelwa mhla zi-5 kuMfumfu 2012

2. Noma iyiphi imali noma intela eqoqiwe noma ekhokhiwe, noma yisiphi isenzo, isinqumo, incasiselo, udaba, nanoma yini eyenziwe noma okuthathwa ngokuthi yenziwa, yathathwa ngokweSaziso sesiFundazwe No. 112 esashicilelwa zi-5 kuMfumfu 2012, okukhishwe ngokwesigaba 5 esicithiwe soMthetho omkhulu akuthathwa njengokungekho emthethweni ngenxa yokushicilelwa noma kokushintshwa koHlelo loMthetho omkhulu ngesaziso njengoba kuhlinzekelwe esigabeni 5 soMthetho omkhulu esichitshiyelwe noma

esishintshwe ngesaziso njengoba sihlizakelwe esigabeni 5 soMthetho omkhulu esichithiwe.

Ukushintshwa koHlelo loMthetho 9 ka 2010

3. Lolu Hlelo olulandelayo ngalokhu luyashintshwa ngokufaka lolu Hlelo olulandelayo eMthethweni omkhulu –

“UHLELO

Izintela

(Isigaba 3)

A. INTELA YEMIDLALO YEMALI YAMAKHASINO

1.(1) Umqhubi wekhasino enelayisensi kumele akhokhe intela yemidlalo yasekhasino esiKhwameni seNgenisonzuzo sesiFundazwe ngereyithi enqunywe kwithebula elingezansi:

| | |
|---|---|
| <i>Isamba esibanjelwa intela</i> | <i>lreythi yentela yabaQhubi bamaKhasino abanamaLayisensi</i> |
| <i>Lapho isamba sengenisonzuzo yemidlalo yemali sesikhathi sokukhokhwa kwentela</i> | |
| <i>Singevile kwizigidi zamarandi eziyi-12</i> | <i>Amaphesenti ayi-9.85 esamba sengenisonzuzo yemidlalo yemali</i> |
| <i>Singaphezu kwezigidi zamarandi eziyi-12 kodwa singevile kwizigidi zamarandi ezingama-30</i> | <i>R 1,182,000.00 kanye namaphesenti ayi-11.30 esamba sengenisonzuzo yemidlalo yemali esingaphezulu ngaso kwezigidi zamarandi eziyi-12</i> |
| <i>Singaphezu kwezigidi zamarandi ezingama-30</i> | <i>R 3,216,000.00 kanye namaphesenti ayi-12.20 esamba sengenisonzuzo yemidlalo yemali</i> |

| | |
|--|---|
| <u>kodwa singevile kwizigidi zamarandi ezingama-50</u> | <u>esingaphezulu ngaso kwezigidi zamarandi angama-30</u> |
| <u>Singaphezu kwezigidi zamarandi ezingama-50</u> | <u>R 5,656,000.00 kanye namaphesenti ayi-13.10</u> |
| <u>kodwa singevile kwizigidi zamarandi eziyi-100</u> | <u>esamba sengenisonzuzo yemidlalo yemali esingaphezulu ngaso kwezigidi zamarandi angama-R 50</u> |
| <u>Singaphezu kwezigidi zamarandi ayi-100</u> | <u>R 12,206,000.00 kanye namaphesenti ayi-14.05</u> |
| | <u>esamba sengenisonzuzo yemidlalo yemali esingaphezu kwezigidi zamarandi ayi-100</u> |

